

1978

SUID-AFRIKA SE DUBBELE HOEDANIGHEID

Prof. S.J. Terreblanche

16.12.1975.

Ek wil vandag met u praat oor 'n eienskap van Suid-Afrika wat Suid-Afrika heeltemal uniek maak tussen al die lande in die wêreld.

1. Dit het in die jongste tyd mode geword om te praat van die Eerste, die Tweede en die Derde Wêreld.

1. Met die Eerste wêreld word die ontwikkelde en geïndustrialiseerde Westerse lande bedoel. Dit is Wes-Europa en die ander vestings van die Westerse wêreld in Noord-Amerika, Australië, Nieuw-Seeland en Suid-Afrika. Vanweë Japan se groot industriële ontwikkeling in die afgelope dertig jaar word hy deesdae ook by die Eerste Wêreld ingesluit. Alhoewel die lande van die Eerste Wêreld onderling baie verskil, is daar tog gemeenskaplike noemers wat hulle onderling saambind. Die meeste van hierdie lande van die Eerste Wêreld is geïndustrialiseerde lande met demokratiese regeringstelsels. In die meeste van hierdie lande - eintlik in almal met die uitsondering van Japan - is daar Christelike Kerke en daarom word daar alreë van die Christelik Westerse Beskawing gepraat.

Dit is 'n beskawing wat oor die eeue heen op baie pilare gebou is - pilare wat nog steeds as fondamentstene van hierdie Beskawing dien. Een van die pilare van die Westerse beskawing staan in Griekeland vanwaar ons ons argitektoniese tradisie, ons rasonale en abstrakte denkvorme en filosofie te danke het. 'n Tweede pilaar staan in Palistina - die Christelike boodskap van naasteliefde en van verlossing van sonde as genadegawe deur die soendood van Christus gee vir ons 'n diepere betekenis aan die lewe. Nog 'n pilaar van die Westerse beskawing staan in Rome waar Christelike en Griekse tradisie saamgesmelt het om die waardigheid van die individu te beklemtoon en deur juridisie en politieke prosesse te verskans.

✓ 'n Vierde pilaar van die Westerse beskawing staan in Wes-Europa waar daar uit die lang en waardevolle gistingsperiode van die Middeleeue 'n kennis en universitêre tradisie gebore is wat tot vandag toe stukrag en dinamika aan die Westerse beskawing gee.

'n Vyfde pilaar staan eweneens in Wes-Europa. Toe daar met die verbrokkeling

van die Middeleeue en te midde van Godsdiensoorloë Nasionale State tot stand gekom het, ^{is} die Grieks-Romeinse tradisie van individuele regte en vryhede (onder ander private eiendom) weereens hulle beslag gekry maar hierdie keer as deel van nasionale burgerskap.

'n Sesde pilaar waarop die Westerse beskawing gebou is, is dié van industriële produksie. Sedert die einde van die 18de eeu het die Westerse mense met steeds groter sukses daarin geslaag om die beskikbare energiebronne gekontroleerd in produksie-prosesse te gebruik vir die produksie van lewensmiddele en wel op 'n skaal wat voorheen ondenkbaar gelyk het. Die geïndustrialiseerde produksieprosesse vind plaas binne die raamwerk van die Kapitalistiese stelsel wat op private inisiatief en privaat eiendom gebaseer is en waarin die sg. markmeganisme en die owerheid belangrike organisatoriese en ordende funksies vervul. Danksy die dubbele sukses van masjienproduksie en van gekontroleerde kapitalisme beskik die mense van die Westerse Wêreld oor 'n groter hoeveelheid materiële welvaart as die mense van die Tweede en die Derde Wêreld. Alhoewel hierdie groot hoeveelheid van materiële welvaart die Westerse mense in staat gestel het om die kwaliteit van die lewe tot 'n baie hoë peil op te voer, het die misbruik van die materiële middele terselfdertyd ook daartoe gelei dat sommige van die tradisionele waardes van die Christelike Westerse beskawing verwaarloos en/of ondermyn word. Die beproefde beginsel van menswaardigheid, geregtigheid en 'n kinderlike geloof in 'n Almagtige God is besig om plek te maak vir 'n selfsugtig en -geregtige Westerse mens wat in die waan leef dat sy beheer oor die Natuurkragte ook die beheer oor sy eie lewenslot en die van die mensdom insluit. Ten spyte van die krisis van die Westerse wêreld omsluit hierdie beskawing alles wat vir ons as Westerlinge sin en betekenis aan die lewe gee.

2. Die Tweede Wêreld omsluit Rusland en al haar satalietstate in Oos-Europa, Kuba en ook Kommunistiese China en Vietnam. Die lande van die Tweede Wêreld is duidelik te onderskei van dié van die Eerste Wêreld omdat hulle die Christelike godsdienst verloor, omdat hulle nie dieselfde waardigheid aan die individu verleen as in die Weste nie en omdat daar in die Kommunistiese lande geen demokratiese vryhede en juridiese regte bestaan soos in die Weste nie. Hierdie lande is welliswaar geïndustrialiseerd maar in die afwesigheid van private eiendom en persoonlike inisiatief beskik die lande van die Tweede Wêreld nie naastenby oor die peil van materiële welvaart as die lande van die Eerste Wêreld nie. In teenstelling met die Eerste Wêreld word godsdienstvryheid, individuele waardigheid, vryheid van spraak en denke nie geduld nie. Die despotiese leiers van die Tweede

Wêreld is egter deeglik bewus van hulle industriële en materiële agterstand teenoor die Weste. Een van die grootste probleme van Rusland is om genoeg voedsel vir sy mense te produseer. Die militêre diktature wat hierdie lande regeer is uiteraard sterk aggressief en imperialisties georiënteer in 'n poging om hulle greep op hulle eie mense te behou en om hulle invloedssfeer so ver as moontlik oor die mense en die natuurlike hulpbronne van veral die Derde Wêreld uit te brei.

3. Die Derde Wêreld is die onder- en minderontwikkelde lande van die wêreld en meesal in die Suidelike halfrond geleë. Dit omsluit byna al die lande van Suid-Amerika, Afrika, dele van Klein-Asië, Indië en Suid-Oos-Asië. Meer as twee-derdes van die wêreld se bevolking woon in hierdie lande en hierdie lande se aanwaskoers is gemiddeld twee keer hoër as die van die Westerse lande. In die meeste van hierdie lande is die per capita inkome minder as R300 per jaar. In baie van hierdie lande is die onderwyspeil baie laag en 'n groot deel van die bevolking is analfabete. In baie van hierdie lande is ondervoeding aan die orde van die dag en die algemene gesondheidsstandaard baie laag. In die meeste van hierdie lande van die Derde Wêreld is daar groot politieke onstabiliteit en regeer een-party diktature. Staatsgrepe is in baie van hierdie lande aan die orde van die dag. Net daardie lande wat oor natuurlike hulpbronne beskik waarvoor daar 'n groot aanvraag is - soos olie, koper, tin ens - het 'n redelike peil van vooruitgang. (Oor die Arabiese lande wat tot die Derde Wêreld behoort maar die inkome van die Eerste Wêreld het, sal ek liever nie praat nie).

II
a
1. Tussen hierdie Drie Wêreldes waaruit die moderne wêreld bestaan, neem Suid-Afrika 'n heel unieke posisie in. Suid-Afrika het 'n dubbele hoedanigheid soos geen ander land ter wêreld nie. Eensyds is ons 'n verlengstuk van die Westerse Wêreld en vorm geestelik kultureel, politiek en ekonomies 'n integrale deel van die Eerste Wêreld. Maar andersyds is ons geografies deel van Afrika. Ons is fisies veranker aan 'n Kontinent wat byna geheel en al deel van die Derde Wêreld vorm. Maar ons verbintenis aan die Derde Wêreld gaan nog verder as dit. Die groot meerderheid van die inwoners van Suid-Afrika is onder of minder onderontwikkelde mense, soos die mense van die Derde Wêreld.

2. Hierdie dubbele hoedanigheid, waarvolgens S.A. terselfdertyd deel van die Westerse Wêreld maar ook van Afrika (en die Derde Wêreld) vorm, is vir ons 'n bron van groot verleentheid in die Eerste, die Tweede en die Derde Wêreld. Maar aan die ander kant is hierdie dubbele hoedanigheid vir ons 'n bron van groot geleentheid, nie alleen teenoor die Derde Wêreld-mense in

3. ons midde, maar ook teenoor Derde Wêreld lande in Afrika en Suid-Amerika. Ons dubbele hoedanigheid is vir ons 'n verleentheid in al drie die Wêreld:

Eerstens verwyt die lande van die sg. Derde Wêreld (d.w.s. die onderontwikkelde lande) ons omdat hulle ons as 'n anachronistiese oorblyfsel uit die tydperk van kolonialisme en imperialisme beskou. Dit is 'n groot misvatting van hulle kant. Ons wortels is onlosmaaklik vasgegroeï in die bodem van Afrika en ons is net so 'n vesting van die Westerse beskawing in 'n Nuwe Wêreld soos wat die V.S.A. en Australië dit is.

Tweedens is ons teenwoordigheidⁱⁿ Afrika vir die lande van die Tweede Wêreld (d.w.s. die kommunistiese wêreld) 'n steun des aanstoot omdat hulle nie ook-soos die Westerse Wêreld - so 'n sterk en betroubare bondgenoot in Afrika het nie. Alle kritiek wat uit watter oord ookal teen S.A. ingebring word, word met koersagtige ywer en venyn deur die Kommunistiese propogandamasjien aangeblaas. In stede van 'n stabiele en Westers-gesinde vesting aan die suidpunt van Afrika, sal die Tweede Wêreld veel eerder chaos in hierdie deel van die wêreld wil sien - enige vakuum wat geskep mag word sal hulle graag wil opvul. Rusland is juis met koersagtige ywer besig om vir hom 'n vastrapplek in Angola en in die Atlantiese Oseaan te probeer verower. Dit pas Rusland alte goed om in sy Propoganda-oorlog te beweer dat Suid-Afrika in sy pad staan.

Maar derdens is ons ook in verleentheid vir die Westerse lande, d.w.s. die Eerste Wêreld. Die res van die Westerse Wêreld het baie noue kulturele, ekonomiese en strategiese bande met Suid-Afrika. Hierdie verbintenis met S.A. is vir die lande van die Eerste Wêreld dikwels 'n verleentheid wanneer hulle vriendskap en ander verbintenisse met die Derde en selfs met die Tweede Wêreld aanknoop. Oor die jare heen handhaaf die lande van die Westerse Wêreld 'n eienaardige dubbelslagtige verhouding met ons: amptelik en in die openbaar veroordeel hulle Suid-Afrika maar nie-amptelik en privaat word die verbintenisse met Suid-Afrika gehandhaaf en selfs uitgebou.

^{ag}
Vir ons wat ons self so nou verbonde^{ag} met die Westerse Wêreld, is dit dikwels moeilik om die vyandigheid en die koudheid van sommige Westerse lande teenoor ons te verstaan. Ons moet maar geduldig wees en soms ook begrip toon vir hulle moeilike posisie. Gelukkig is daar veral by die V.V.O. tekens van 'n kentering van Westerse lande se houding teenoor ons.

4. Maar ons dubbele hoedanigheid is nie alleen 'n verleentheid nie, maar bied aan ons 'n groter geleentheid om meer Diensbaar te wees aan 'n deel van die Derde Wêreld as wat enige ander land van die Eerste Wêreld kan wees. Geen

ander Westerse land is histories en geografies so gunstig geleë om die voordele en die verdienstes van die Westerse beskawing aan 'n deel van die Derde Wêreld oor te dra soos ons nie. Daar is geen ander land in die wêreld waarin die Eerste en die Derde wêrelde se volkome op mekaar aangewys is soos in Suidelike Afrika nie. In hierdie sin is ons 'n mikro-kosmos van 'n groot deel van die makro-kosmos.

III
Die verhouding tussen die Eerste en die Derde Wêreld, d.w.s. die verhouding tussen die ryk en die arm lande, gaan die internasionale politiek in die volgende vyftig jaar in 'n groter mate domineer as wat die Koue Oorlog tussen die Ooste en die Weste dit in die afgelope kwart-eeu gedoen het. Die Derde Wêreld kan hulle ernstige bestaansprobleme eenvoudig nie oplos sonder groot en volgehoue ontwikkelingshulp van die Weste nie. Tot nog toe is daar nog nie 'n formule gevind waarvolgens die Weste die Derde Wêreld van die nodige ontwikkelingshulp op 'n deurlopende grondslag kan voorsien nie. Die ontwikkelingshulp wat wel verskaf word is ver te min, dit word op 'n te ad hoc-grondslag aangebied en dit gaan met handelsverhouding tussen die Eerste en die Derde Wêreld gepaard wat (met die uitsondering van olie) tot die nadeel van die Derde Wêreld is. [Maar in die geval van Suid-Afrika, het ons 'n situasie waar die interafhanklikheid tussen die mense van die Eerste en die mense van die Derde Wêreld ~~was~~

so groot is dat ons permanent mekaar se hande moet vat en in onderlinge samewerking 'n gesamentlike toekoms moet uitwerk. Tot onlangs het ons geglo dat hierdie interafhanklikheid net van toepassing is tussen die Westerse en Nie-Westerse mense wat in Suid-Afrika leef. In die afgelope paar jaar het ons ontdek dat ons geleenthede en ons verantwoordelikhede ook uitreik na ander Afrika State. In die afgelope jaar het ons opnuut ontdek dat ons 'n Afrika-land is. Maar aan die ander kant mag ons vir geen oomblik vergeet dat ons 'n Westerse land is en die taak het om die Christelik Westerse beskawing hier uit te bou nie.

Laat ons in hierdie taaljaar inspirasie put uit Afrikaans want niks verteenwoordig ons dubbele hoedanigheid so mooi nie - dit is 'n Europese taal wat in Afrika sy beslag gekry het. Dit is een van die bande wat ons gelyktydig aan Afrika en aan Wes-Europa vasbind.

IV
Ons taak om die Christelike Westerse beskawing hier uit te bou, vereis dat ons voortdurend bewus sal wees van hoe bevoorreg ons in werklikheid is om 'n integrale deel van die Westerse wêreld te kan vorm. 'n Faktor wat ~~es~~ ^{seer} verlamrend inwerk op die vervulling van ons taak as Westerse mense, is ons geneigdheid om nie beskeie genoeg te wees nie. Ek dink een van die groot tekortkominge van ons as Westerse mense in Suidelike Afrika is dat

ons te verwaand en te hooghartig is. Ons gee voor dat alles wat in hierdie land vermag is, deur ons en deur ons alleen vermag is. Dit is net in 'n beperkte sin van die woord waar As ons nie die noue kulturele, intellektuele en ekonomiese verbintenis met die Westerse Wêreld gehad het nie, sou ons nie kon doen wat ons wel gedoen het nie. Ten spyte van 'n vyandige of veroordelende houding wat die Westerse land teenoor ons inneem, was die intellektuele, die kulturele en die ekonomiese kanale tussen ons en die res van die Westerse Wêreld nog altyd oop. Ons kon nog altyd ryklik deel in die voordele wat in Westerse familieskap opgesluit lê. Ek weet dat die kritiek en die veroordeling ^{van die Westerse lande teenoor ons} nie in alle opsigte billik en geoorloof is nie. Miskien is die veroordelende houding van die res van die Westerse wêreld teenoor ons, daarvoor verantwoordelik dat ons nie erkentelik genoeg teenoor hulle is nie.

Die vyandige houding wat die Westerse wêreld dikwels teenoor ons inneem, belemmer klaarblyklik ons gewilligheid om hulp en bystand aan die swart mense en ander agtergeblewe mense in ons midde te verskaf. As ons meer beskeie en meer erkentlik kan wees omtrent die baie dinge wat ons van "buite" - van die res van die Westerse wêreld - ontvang het en nog steeds ontvang, sal ons dalk bereid wees om meer van die voordele en verdienstes van die Westerse beskawing aan die minder bevoorregte mense in ons midde "deur te gee". Die hulpbronne wat ons met ons Westerse vermoëns hier moet ontwikkel en benut, is nie net materiële hulpbronne nie, maar veral die groot hoeveelheid ^{onder-} ontwikkelde mensemateriaal. In die vennootskap tussen die Eerste en Derde Wêreld wat ons hier in Suidelike Afrika tot stand moet bring, moet ons ons onderlinge belange so vervleg dat die een nie sonder die ander kan klaarkom nie. Slegs dan kan ons saam hier 'n beskaafde toekoms bou.

By Die Burger se jeugleierskursus is as onderwerp geneem: Ons bou brûe. As ek die onderwerp reg verstaan, is dit ons taak om brûe te bou tussen die Eerste en die Derde Wêreld in Suidelike Afrika. Dit lyk my ons kan die bewindstydperk van ons Eerste Minister in vier fases indeel:

1. Die eerste fase was die van die uitwaartse beleid. Die bedoeling was dat ons mondig geword het en dat ons vanuit die beskermende kraal van Afrikaner-nasionalisme die bedoelinge wat ons met ons landsgenote het, moes uitdra. Ons positiewe bedoelinge moes nie alleen aan ons eie landgenote nie, maar ook aan ander goedgesinde lande uitgedra word.

2. Die tweede fase, was die van dialog. Ons het gou geleer dat ons nie net ons storie aan ander mense moet vertel nie, maar dat ons 'n twee-gesprek moet hou - en dit beteken dat ons dikwels na die ander man se kant van die saak moet luister en dit ook moet probeer begryp. Die dialogfase het die selfvoldaanheid waaraan sommige van ons ly, genees - ongelukkig nie almal sin nie.
3. Die derde fase was die van ontspanningspolitiek. Die terroristiese oorloë in Rhodesië, Mozambiek en Angola, het die potensiaal gehad om in 'n volkskaalse oorlog te ontbrand. As dit sou gebeur, sal Suidelike Afrika die ^{skagvela} ~~grondgebied~~ word vir 'n bloedige oorlog tussen die Tweede en die Eerste Wêreld - en dit sal beslis nie in belang van ^{derde deel} ~~die~~ Derde Wêreld wees nie. Die groot sukses wat ons Eerste Minister reeds met sy ontspanningspolitiek bereik het, is nog so vars in die geheue dat ek dit nie hoef te herhaal nie.
4. Ek dink dit sal heel gepas wees as ons die vierde fase van die Eerste Minister se beleid die Brugbou-fase noem. Op 25 Augustus 1975 het die Eerste Minister figuurlik gesproke 'n brug gebou tussen mnr. Ian Smith en die ANC leiers maar ook tussen homself en Pres. Kaunda. Soos u almal weet het daar al baie troebel waters tussen Suid-Afrika en Zambië deurgevloei, maar dit het ons Eerste Minister nie verhinder om die figuurlike brug te bou nie.
- (a) Ons as 'n deel van die Westerse Wêreld in Afrika het die groot taak om in meer as die simboliese sin van die woord, brûe te bou tussen mense en lande van die Eerste en die Derde Wêreld in hierdie subkontinent. Omdat ons Westerlinge is, beskik ons oor kennis, ervaring en ingenieursvernuf wat dikwels ontbreek by die minder ontwikkelde lande en mense van Suidelike Afrika. Daarom rus die verantwoordelikheid op ons om die inisiatief te neem om brûe te bou wat ons interafhanklikheid in Suidelike Afrika sal bevestig. Wanneer ons brûe bou moet ons nie kla oor troebel waters in die rivier en verwyte begin uitdeel nie. Nee, ons moet soos ons Eerste Minister in die geloof bou al is die afgronde hoe hoog en al is die waters hoe troebel.
- (c) Daars baie brûe wat ons te bou het - brûe wat eintlik al gebou moes gewees het. Ons moet nie net na die buiteland brûe bou nie, maar ook binnelandse brûe. Daar bestaan 'n behoefte dat ons brûe van beter begrip na die Kleurlinge sal bou - Ons moet brûe van hulp na hierdie verarmde mede-Westerse mense van Suid-Afrika bou. Brûe van hulp waarlangs hulle kan opklim na

van onontwikkeling
'n helder toekoms en weg van die skadu-wêreld, waarin so baie van hulle vasgevang sit.

Ons moet brûe na ons stedelike Bantoe bou waarlangs hulle kan loop na 'n meer beskaafde en gerieflike bestaan in die Groot Stad. Ons is besig om belangrike konstitusionele brûe te bou waarlangs die Tuislande na onafhanklikheid sal vorder.

Ons sal veel meer brûe moet bou waarlangs die Kleurlinge die Bantoe en die Indiërs kennis en vaardigheid kan opdoen, sodat hulle 'n meer produktiewe bydrae in ons landse ekonomie kan lewer tot ons gemeenskaplike voordeel.

- (d) As ons die brûe van begrip, van hulp, van kennis tussen ons en die mense van Afrika wil bou, is daar een ding wat ons egter nie mag vergeet nie. Ons moet sorg dat die brûe wat ons met die res van die Westerse Wêreld verbind, stewig en sterk is. As daar nie stewige brûe tussen ons en die res van die Eerste Wêreld bestaan waaroor kennis, vaardigheid, tegniek en wapentuig na ons toe kan vloei nie, sal ons nie die brûe in Afrika kan bou nie.

Laat dit ons leuse wees om enersyds die brûe tussen ons en die res van die Eerste Wêreld in stand te hou maar laat dit ook ons leuse wees om brûe te bou tussen ons en die minderbevoorregte mense en lande in veral Suidelike Afrika. Laat ons ons interafhanklikheid met stewige brûe bevestig want dit is al manier waarop ons vir ons 'n gesamentlike en 'n beskaafde toekoms aan die Suidpunt van Afrika kan verseker.

maar ons moet nie
het in groot na die
huides al Westerse
Wêreld in stand
hou in meer ook
in die Weste
na die Weste
Wêreld se skending van